

Nico van
Gijsen



Raad met jou Rande

Laat my toe om 'n lig te skyn op die donker kant van wat ons ken as finansiële raad.

Ek, en ek glo die meeste van my kollegas in die finansiële-dienstebedryf, beklemtoon gereeld die noodigheid van goeie finansiële raad voordat jy besluite neem oor jou eie en jou naasbestaandes se finansiële toekoms. Verskeie stukke navorsing het al gewys dat mense wat in vertroue met 'n goeie finansiële beplanner werk, op die lange duur beter daaraan toe is as die wat dit nie gedoen het nie.

Die werklikheid is egter dat die finansiële dienstebedryf, ondanks wetgewing en 'n versmorende spul regulasies, steeds 'n produkgedrewe bedryf is. Die geskreeu van die dakke af oor superhoë opbrengste op beleggings, belastingbesparings en wie weet watter ander foefies, is 'n teken hiervan.

En as ek dit só stel, besef ek dat baie mense geneig sal wees om almal oor dieselfde kam te wil skeer. Moenie. Daar is baie, ek glo dalk selfs die meeste, raadgevers en makelaars wat opreg en eerbaar is in die hantering van hul kliënte se behoeftes.

En juis om dié rede wil ek fokus op enkele slaggate, wanopvattinge en wanvoorstellings, sodat lesers met meer kennis in hul gesprekke met finansiële raadgevers en makelaars kan tree.

Kom ek begin by 'n e-pos van Marius Smith die week na aanleiding van my rubriek verlede week en die voorbehoude wat ek het teen sekere polisse. Ek het kwansuis vergeet om te noem, sê hy, dat “polisse van vyf jaar en meer is belastingvry”. Ek weet die storie word deur polissmouse die wêreld ingestuur. Dis grootliks snert.

Die opbrengs op beleggings, enige belegging (uitgesonderd die belastingvrye spaar- en uittree-annuïteite), is belasbaar. Ek weet daar is diegene wat op hierdie stelling antwoord met 'n ja, maar “die versekeraar betaal die belasting, nie jy nie”. Dis eweneens snert.

Die verskil tussen spaar in 'n polis en doodgewone spaar direk in effektrustfondse, is dat eersgenoemde belas word in die polishouersfonds en nie direk in jou hande nie. Dit word steeds betaal uit

die opbrengs op die beleggings en dit verminder steeds jou opbrengs.

Die voordeel van in die polis spaar, lê bloot daarin dat jy in die polishouersfonds op rente en huurinkomste (uit die beleggingsopbrengs) belasting betaal teen 30% en kapitaalwinstbelasting (KWB) teen 12%. Om 'n polis te kies vir belastingdoeleindes sal dus net sin maak as jou marginale koers meer is as 30%.

In die polis het jy ook nie die jaarlikse vrystelling op rente van R23 800 (vir diegene bo 65 is dit R34 500) nie. Of die jaarlikse vrystelling op kapitaalwinst van R40 000 nie. En laat ek sommer die ander belasting-mite ook nekomdraai, 'n polis is nie vrygestel van boedelbelasting nie.

En die sogenaamde belastingvrye inkomste ná vyf jaar? In 'n doodgewone belegging in effektrustfondse kan jy dit ook doen, sommer van dag een af. Hoe kom eers vyf jaar in 'n polis belê?

Jy kan “belastingvrye onttrekkings” maak, omdat die belasting op die groei

reeds betaal is. Jy onttrek eintlik maar net jou eie nabelaste geld, dis al. Niks spesiaals hieraan nie. 'n Polis is 'n goeie produk as jy in 'n hoë belastingkategorie val en jy het vyf jaar waarin jou geld vas is. Dit is 'n goeie produk as jy die familie-trust se geld belê, want die inkomstebelastingkoers in 'n trust is 45%, teenoor die 30% in die polis.

Maar dan ook, jy kry polisse en polisse. Jy het nie nodig om in 'n polis te belê waar daar 'n klomp kommissie vooruit betaal word wat dan as 'n skuld teen jou belegging staan nie. Of waar jy beboet word as jy die premies staak nie. 'n Raadgewer met integriteit behoort dit aan jou uit te wys.

Ek het die week ook 'n brief gekry van Ben van Deventer wat wou weet oor 'n ander tipe polis waaruit hy 'n inkomste kry, genoem, soos ons kan raai, 'n inkomsteplan. Dit werk so: Jy gee vir die versekeraar jou geld en dan vir vyf jaar lank kry jy 'n gereelde inkomste. Ná die vyf jaar kry jy jou kapitaal terug en belê

Super-
hoë opbreng-
ste op beleg-
gings, belastingbe-
sparings!



Pasop vir raad se donker kant ...

Jy't nie nodig om in 'n polis te belê waar daar klomp kommissie vooruit betaal word nie

dit dan weer vir vyf jaar.

Ek het twee probleme met die “plan”. Daar is weer eens vet kommissie betaalbaar, wat op sigself nie die probleem is nie. Die probleem is dat jy ná elke vyf jaar weer kommissie betaal vir die volgende vyf jaar se belegging. En so meer. Saam met inflasie is dit 'n seker manier om jouself arm te spaar.

Ek het dit sien gebeur met iemand wat nie wou luister na my raad nie. As jy af-tree-inkomste wil hê met jou diskresionêre geld (nie pensioenfondsgeld nie), oorweeg gerus 'n lewenslange, gewaarborgde vrywillige annuïteit. Die uitbetalings is veel beter en jou kapitaal is by jou dood beskikbaar vir 'n naasbestaande.

■ Nico van Gijsen, 'n gesertifiseerde finansiële beplanner en belastingpraktisyn, is besturende direkteur van Finlac en 'n lid van Fisa. Lesers kan navrae aan hom stuur deur te skryf aan Raad met jou Rande, Posbus 8422, Johannesburg 2000 of nico@finlac.com; Twitter: @Nicovangij-sen.